

HOOFSTUK 1

ORIENTERING

1.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die probleem van die navorsing gestel en die belangrikheid van die navorsing uiteengesit. Voorts word die doel met die navorsing aangetoon, waarna die navorsingmetodes bespreek word. Ten slotte word die verloop van die navorsing aangedui en 'n kort samevatting gegee.

1.2 PROBLEEMSTELLING

In 1990 word 'n onderwysvernuwingstrategie vir die totale onderwys in die Republiek van Suid-Afrika aangekondig en op 4 Junie 1991 word 'n besprekingsdokument daaroor vrygestel (RSA, 1991a:1).

Die onderwysvernuwingstrategie het sy beslag gekry na afloop van die RGN-verslag van Onderwysvoorsiening. Uit die verslag was dit duidelik dat die formele onderwysstelsel nie meer volledig uit staatsfondse bekostig kan word nie. Hierdie finansieringsprobleem raak leerlingdigtheid, vermindering van onderwysposte, onderriggeleenthede, beter benutting van fisiese geriewe, rasionalisering van onderwyseropleiding, gedifferensieerde onderwys en die afwenteling van finansieringsverantwoordelikhede

na laer vlakke (RSA, 1991c:13-14).

Die onderwysvernuwingstrategie is ook genoodsaak deur druk en eise van onder andere swart skoolgemeenskappe vir gelyke beregtiging en gelyke onderwysgeleenthede vir alle leerlinge. Die eise het reeds sedert 1976 tot uiting gekom in opstande, stakings en boikotte. Ten spyte hiervan het daar weinig, indien enige verandering plaasgevind op onderwysterrein, selfs gedurende die oorgangsfase waar daar vanaf 'n apartheidsstelsel na 'n ware demokrasie beweeg is.

Na afloop van die verkiesing op 27 en 28 April 1994 en met die bewindsaanvaarding van die ANC, het die nuwe regering sy Heropbou- en Ontwikkelingsprogram (HOP) aangekondig wat daarop gemik is om onder andere geleenthede aan mense te verskaf om hulleself te ontwikkel (Anon, 1994:3). Die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram het ten doel om die kwaliteit van lewens en lewenstandaarde van gemeenskappe te verbeter, asook om te verseker dat daar aan die basiese behoeftes van alle gemeenskappe voldoen word. 'n Verdere doelstelling is om die samelewing demokraties te maak en ekonomiese groei tot voordeel van almal te verseker (Anon, 1994:3). Die geleenthede wat voorsien moet word, sluit 'n grootskaalse uitbreiding en verbetering in die kwaliteit van die bestaande onderwysstelsel in.

Die regering het sekere maatreëls voorgestel om die doelstellings te bereik. Die maatreëls wat skoolonderwys raak, kan soos volg opgesom word (TOD, 1994:1):

- * Die ontwikkeling van 'n geïntegreerde onderwysstelsel wat gelyke geleenthede vir almal verskaf.

- * Die opdrag aan die onderwys om die individu en die gemeenskap ten volle te ontwikkel en agting vir menseregte en basiese vryheid te versterk.

- * 'n Nasionale ontwikkelingstrategie vir mensepotensiaal, wat gebaseer is op die beginsels van demokrasie, nie-rassisme, nie-seksisme, gelykheid en herstel.

- * Alhoewel die regering die uiteindelijke verantwoordelikheid het, moet die burgerlike gemeenskap aangemoedig word om 'n aktiewe rol te speel in die voorsiening van leergeleenthede. Demokratiese skoolbestuurstrukture moet byvoorbeeld geskep word wat verkose ouer- en onderwyserverteenwoordigers sal betrek, asook strukture wat voorsiening sal maak vir beraadslaging met leerlinge.

- * Heropbou en ontwikkeling sal in skole bevorder word deur:
- gemeenskapsdeelname en 'n kultuur van onderrig en leer aan te moedig;
 - 'n stelsel van tien jaar verpligte onderwys vir alle kinders so gou moontlik in te stel;
 - te verseker dat daar teen die einde van die dekade geen klasse met meer as 40-leerlinge is nie;
 - strukture, kurrikulums en sertifisering te laat ooreenkom met 'n nuwe nasionale kwalifikasiesstelsel;
 - onderwys van die huidige st. 8 tot die huidige st. 10 te herontwerp en te inkorporeer in 'n leerfase wat volg na verpligte onderwys en geïntegreerd is met opleiding;
 - programme, kurrikulums en onderrigbenaderings vir die eerste vier skooljare te ontwerp sodat dit die taal-, lees- en ontwikkelingsbehoeftes van jong kinders in aanmerking kan neem;

- alle skole en fasiliteite ten volle te benut teen die einde van 1995;
 - skoolgemeenskappe in staat te stel om verantwoordelikheid te aanvaar vir die versorging en beskerming van hulle skole;
 - toereikend skole te bou om in die werklike aanvraag te voorsien;
 - plaas- en gemeenskapskole toenemend in die gewone onderwysstelsel te integreer;
 - intreepunte te vind sodat die herontwikkeling van die kurrikulum in 1994 kan begin. Die belangrikste aandeelhouers moet ooreenkomstig bereik deur die Nasionale Onderwys- en Opleidingsforum.
- * Verdere skoolonderwys, dit wil sê st. 8 - st. 10, moet voorsiening maak vir onderwys, opleiding en volwasse onderwys in 'n geïntegreerde stelsel.

Uit die voorafgaande blyk dit dat hierdie verandering, wat sowel die blanke as swart onderwys die nouste gaan raak, die skool as organisasie in besondere wisselwerking met sy interne en eksterne

omgewing bring omdat die status quo betreffende onderwys dramaties gaan verander.

Beleidmakers, administrateurs en owerhede sal in die proses van verandering waarskynlik beleid en riglyne neerlê waarvolgens die verandering moet plaasvind. Sodanige beleid en riglyne sal egter nie die rol wat skoolgemeenskappe moet speel, mag negeer nie. Die rol wat skoolgemeenskappe in die proses van verandering gaan speel, mag selfs meer bepalend wees vir die sukses van verandering as die riglyne en beleid wat neergelê is. Uiteindelik gaan die onderwyser se aanvaarding en implementering van hierdie verandering bepaal hoe suksesvol die verandering gaan wees (vgl. Hall & Hord, 1987:53).

Volgens McKoy en Shreve (1983:96) dui navorsing onteenseglik daarop dat die skoolhoof as onderwysleier die sleutelfiguur is om verandering te laat slaag of misluk. Die feite soos hierbo uiteengesit, dui daarop dat verandering in die onderwys in die RSA 'n werklikheid is. Hierdie werklikheid bring mee dat die skoolhoof sy rol as fasiliteerder van die verandering sal moet aanvaar. Clase (1991:4) is van mening dat die eerste uitdaging aan die skoolhoof in die nuwe onderwysbedeling juis is om die veranderings van 'n nuwe bedeling te bestuur.

Die doeltreffende bestuur van verandering vereis byvoorbeeld 'n deeglik ingeligte ouergemeenskap en onderwyskorps, en ook 'n amptenary wat deeglik georiënteer en toegerus is om die verandering te laat plaasvind. Waar daar verandering in skole plaasvind, het die skoolhoof dus 'n bepaalde rol wat hy as agent en voorstander van verandering moet speel (Georgiades, 1980:70).

Die skoolhoof sal homself byvoorbeeld in praktyk moet bind om sy skoolgemeenskap (ouers, onderwysers en leerlinge) te lei in die veranderings wat plaasvind. Die skoolhoof moet in die veranderingsproses dus die "leierstudent" wees, wat voor loop om inligting aangaande die veranderingsproses te bekom en oor te dra (Aita, Barth & O'Brien, 1988:18).

Die skoolhoof moet byvoorbeeld ook in staat wees om die toekoms te antisipeer en te visualiseer hoe die keuses wat gemaak gaan word, die onderwyspraktyk in die toekoms gaan beïnvloed.

Die skoolhoof moet voorts ook in staat wees om 'n klimaat te skep waarbinne verandering kan plaasvind en strategies beplan om die menslike potensiaal ten volle te benut (Wiles & Bondi, 1980:4). Die betrokkenheid van die skoolhoof in fasilitering van verandering is dus bepalend of die verandering doeltreffend bestuur gaan word of nie.

Uit die voorafgaande beredenering kom die volgende probleemvrae na vore:

- * Binne watter ontiese grondtrekke vind verandering plaas?
- * Wat is die wesensaard van verandering?
- * Watter rol behoort die skoolhoof te speel in die fasilitering van verandering?
- * Watter middele en metodes is tot die skoolhoof se beskikking om verandering te fasiliteer?
- * In watter mate beskik skoolhoofde oor die kundigheid om verandering te fasiliteer?
- * Watter riglyne kan vir skoolhoofde neergelê word om verandering doeltreffend te fasiliteer?

1.3 DOEL VAN DIE NAVORSING

Die doel van die navorsing is om:

- * vas te stel binne watter ontiese grondtrekke verandering plaasvind;

- * vas te stel wat die wesensaard van die verandering is;
- * vas te stel watter rol die skoolhoof behoort te speel om verandering te fasiliteer;
- * te bepaal in watter mate skoolhoofde oor die kundigheid beskik om verandering te fasiliteer;
- * riglyne vir die skoolhoof neer te lê om verandering doeltreffend te fasiliteer.

1.4 METODE VAN DIE NAVORSING

1.4.1 Literatuurstudie

Primêre en sekondêre bronne is gebruik om die ontiese grondtrekke van verandering, die wesensaard van verandering en die rol van die skoolhoof in verandering na te vors. Verder is daar deur die literatuurstudie bepaal watter modelle en metodes vir die fasilitering van verandering bestaan.

'n Eric rekenaarsoektog is onderneem om resente artikels te bekom wat verband hou met die onderwerp. Die trefwoorde wat gebruik is, is change; supervision; facilitating; educational change; facilitator; innovation; intervention; managing change.

1.4.2 Empiriese ondersoek

1.4.2.1 Meetinstrument

Na aanleiding van die bevindings uit die literatuurstudie is 'n gestruktureerde vraelys saamgestel. Die doel van die vraelys is om te bepaal tot watter mate skoolhoofde oor die kundigheid beskik om verandering te fasiliteer, om vas te stel watter probleme skoolhoofde in praktyk ervaar om verandering te fasiliteer, en om die fasiliteringstyl wat skoolhoofde gebruik, te bepaal.

1.4.2.2 Loodsondersoek

Voordat die vraelys gefinaliseer is, is 'n loodsondersoek onderneem om leemtes in die vraelys te bepaal. Hierna is die vraelys aan die teikengroep versend.

1.4.2.3 Populasie

Die populasie is alle skoolhoofde en personeel van primêre en sekondêre skole onder jurisdiksie van die Transvaalse Onderwysdepartement.

1.4.2.4 Steekproef

Uit die teikenpopulasie is deur middel van 'n ewekansige steekproef hoofde en personeel van primêre sowel as sekondêre skole (van beide taalgroepe) geselekteer om die vraelys te beantwoord.

1.4.2.5 Statistiese tegniek

'n Toepaslike statistiese tegniek is na samesprekings met die PU vir CHO se Statistiese Konsultasiediens gekies om die data te verwerk en te ontleed.

1.5 TERREINAFBAKENING

Die literatuurstudie word beperk tot die tema verandering en spesifiek die rol van die skoolhoof as fasiliteerder van verandering in die onderwys.

Die empiriese navorsing word beperk tot hoofde en personeel van skole onder jurisdiksie van die Transvaalse Onderwysdepartement.

1.6 STRUKTURERING VAN DIE NAVORSING

Die navorsing is aan die hand van die volgende hoofstukke en indeling gestruktureer:

Hoofstuk 1 : Oriëntering

Hoofstuk 2 : Die ontiese vertrekpunt van verandering

Hoofstuk 3 : Die wesensaard van verandering

Hoofstuk 4 : Die rol van die skoolhoof as fasiliteerder van verandering

Hoofstuk 5 : Empiriese ondersoek

Hoofstuk 6 : Samevatting, gevolgtrekking en aanbevelings

1.7 VERLOOP VAN DIE NAVORSING

In Hoofstuk 1 word die probleem gestel en die doel en metode van die navorsing uiteengesit. In hoofstuk 2 word die ontiese grondtrekke van verandering bespreek. Hoofstuk 3 word gewy aan die vraag wat die wesensaard van verandering binne onderwysbestuurskonteks behels. In Hoofstuk 4 word gekyk na die rol wat die skoolhoof in die fasilitering van verandering moet speel. Hoofstuk 5 bestaan uit die empiriese navorsing wat in Hoofstuk 6 opgevolg word met 'n samevatting, gevolgtrekking en aanbevelings.

1.8 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is daar, benewens die feit dat daar genoegsame redes en druk vir verandering is, ook na die skoolhoof se rol as sleutelfiguur in die veranderingsproses gekyk. Uit voorafgaande blyk dit dat dit nodig geword het om duidelikheid te verkry ten opsigte van wat verandering alles behels en watter rol die skoolhoof as fasiliteerder van verandering behoort te speel.

In Hoofstuk 2 word daar met behulp van toepaslike literatuurstudie na die ontiese grondtrekke waarbinne verandering plaasvind, gekyk.